

ITALIAANSE KRYGGEVANGENIS

Redelik aan die begin van die Tweede Wêreld-oorlog in 1941 het die Geallieerde magte 'n groot oorwinning behaal oor die Italiaanse magte by El Alemein in Noord-Afrika. Daar is duisende Italianers gevange geneem en as krygsgevangenes na Suid-Afrika gestuur. Hulle is geplaas by Zonderwater Gevangenis net noord van Pretoria.

Van Zonderwater is die Italianers landwyd na boere op plase uitgeplaas. So was daar byvoorbeeld 35 Italianers by Leonard Crause se oupa, oom Chrisjan, op Waagstuk. Hulle het nie almal by die Crauses gewerk nie, maar is uitgeplaas na verskillende boere in die Heilbron-distrik.

Met die vredesverklaring in 1945 is al die Italiaanse krygsgevangenes terug Italië toe. Hulle land was platgeskiet en vir baie was daar nie 'n toekoms in Italië nie. Van hulle het later teruggekeer na Suid-Afrika. Die Suid-Afrikaanse regering het hulle gehelp om terug te kom. So het Rafaile, een van die Italianers wat op Waagstuk gebly het met sy vrou, teruggekeer na die Crauses. Sy kinders het saam met Leonard en Chris skoolgegaan. Sy seun Tonie, het die onderwysers al

hul dae gegee as hy sy naam moes opgee, – Domonica Antonio Franzo Josef Mario Filizalo. Hulle kon dit nie uitspreek nie, nog minder spel. Tonie woon vandag nog in Sasolburg.

My oom was destyds kapelaan vir die Italianers in Zonderwater. Twee Italianers het by hom in die pastorie gewerk en het die mooiste meubels vir hom gemaak. Ek het 'n pragtige hout skinkbord in die Museum wat die Italianers Dante Fereppe en Antonia Scandura vir my ma gemaak het.

'n Paar jaar gelede het ek Zonderwater besoek. Daar is 'n groot begraafplaas vir al die Italianers wat tydens die oorlog daar oorlede is, asook 'n goed toegeruste museum.

Ek was aangenaam verras om te sien hoe pragtig die terrein lyk. Die Italiaanse regering hou die begraafplaas in stand en betaal die Italiaanse kurator wat die museum beman. Ek het bietjie gesukkel om sy Italiaanse-Engels te verstaan, maar ons het later goed reggekome.

As u ooit eendag in Pretoria kom, gaan besoek gerus die begraafplaas en museum. Dit is uit en uit die moeite werd.

Quarta Pretorius



BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur:

'n Gebed

Here, my lewe gaan bitter gou verby. My lewensjare vloei soos water weg. Te veel van my gisters en eergisters is vermors. Hulle het nutteloos deur my vingers geval. Leer my om tyd reg te gebruik. Laat my hier en nou leef, voluit vir U en vir ander. Maak my 'n lewende seën vir elkeen wat oor my pad kom en hande van liefde sal vat, met 'n liefde soos U liefde ons leer. In Jesus se goeie Naam, vra ek dit.
Bron: "Lewende Lote" kerkblaadjie. Ingestuur deur: Heléne Howell

Sommige mense, ongeag hoe oud hulle word, verloor nooit hulle skoonheid nie, hulle skuif dit net van hulle gesigte af na hulle harte.

Bron: "Lewende Lote"



Op 3 Julie 1983 het Sophie Spies by Huis Bron-van-Heil aangesluit en vir 37 jaar het sy saam met die ouetehuis gegroei nadat sy op die ouderdom van 35 daar begin werk het. Dit

ERA VAN 37 JAAR AFGESLUIT!

was haar passie om vir elke inwoner 'n tuiste te skep en vir elkeen die beste te gee. Nooit het sy enige iets ontsien om dit so gemaklik moontlik vir almal te maak nie. Wanneer daar nie 'n geldjie vir 'n pakkie koekies of lekkerny was nie, het sy dit uit haar sak aangekoop. Sy het vele inwoners sien kom en gaan en was hartseer oor elkeen se afsterwe. Om by 'n sterfbed te staan was vir haar 'n voorreg. Sy is vir die afgelope 15 jaar woonagtig op die perseel in haar eie woonstel en het nou die voorreg om self 'n inwoner te word.